Navrae
Enquiries Me D. Swart
IMibuzo

Telefoon
Telephone (021) 467-2000
IFoni

Faks
Fax (021) 467-2996
IFeksi

Verwysing 12/1/1/9/1
Reference 20000111-0006
ISalathiso

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe leMfundo leNtshona Koloni

OMSENDBRIEF: 0109/2002
VERVALDATUM: 31 DESEMBER 2002
AAN: HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), PRINSIPALE VAN ALLE OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE EN VOORSITTERS VAN BEHEERLIGGAME VAN OPENBARE SKOLE

*KORT OPSOMMING: Die instelling van 'n Onderwysraad vir die Wes-Kaapprovinsie*

**ONDERWERP: INSTELLING EN SAMESTELLING VAN 'N ONDERWYSRAAD VIR DIE WES-KAAPPROVINSIE**

1. Die Lid van die Provinsiale Kabinet (LPK) verantwoordelik vir Onderwys is van voornemens om voor 31 Desember 2002 'n Onderwysraad vir die provinsie ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) saam te stel. Regulasies rakende die Onderwysraad vir die Wes-Kaapprovinsie is reeds in die Buitengewone Provinsiale Koerant 5910 van 15 Julie 2002 uitgevaardig. Die Onderwysraad sal die LPK van advies aangaande onderwysaangeleenthede bedien. Dit sluit in sake wat vir advies deur die LPK na die Raad verwys word en sake wat deur die Raad geïnisieer word.

2. Ingevolge bogemelde regulasies sal die beheerliggaam van elke openbare skool die Onderwyshoof (Departementshoof) voorsien van die naam en besonderhede (curriculum vitae) van een persoon vir voorlegging aan die LPK. Die LPK sal ses persone uit die nominasies van die beheerliggame as lede van die Onderwysraad aanwys. Een van die persone wat aldus aangewys word, moet 'n verteenwoordiger van 'n beheerliggaam van 'n openbare skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes wees.

3. Onafhanklike skole wat by die Wes-Kaap Onderwysdepartement geregistreer is, sal ook elkeen die Onderwyshoof voorsien van die naam en besonderhede (curriculum vitae) van een persoon vir voorlegging aan die LPK. Die LPK sal twee persone uit die nominasies van onafhanklike skole as lede van die Onderwysraad aanwys.

4. Nominasies moet vergesel wees van skriftelike bevestigings dat die genomineerdes bereid is om op die Raad te dien. Slegs persone woonagtig in die Wes-Kaapprovinsie wat burgers van die Republiek van Suid-Afrika is, kan genomineer word.

5. Die LPK moet die lede van die Onderwysraad aanstel

(a) met inagneming daarvan dat die Onderwysraad die rasse-, geslag- en geografiese samestelling van die Wes-Kaapprovinsie moet weerspieël, en

(b) slegs nadat die Staande Komitee van die Provinsiale Parlement verantwoordelik vir Onderwys aanbevelings aan die LPK ten opsigte daarvan gemaak het na 'n deursigtige en ope proses om die persone wat aldus benoem is, te oorweeg.

6. Die aandag van beheerliggame van alle openbare skole en onafhanklike skole word dus daarop gevestig dat hulle nominasies, met inagneming van paragraaf 5 hierbo, die Onderwyshoof nie later nie as 30 September 2002 moet bereik. Indien beheerliggame van openbare skole en onafhanklike skole versuim om benoemings teen hierdie datum te maak, sal dit geag word dat hulle nie 'n benoeming wil maak nie. Benoemings kan skriftelik ingedien word deur hulle

(i) te pos aan

Hoof: Onderwys
(Aandag: Mnr J Solomons)
Wes-Kaap Onderwysdepartement
Privaatsak X9114
KAAPSTAD
8000

of

(ii) te faks na (021) 467-2996.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van voorsitters van beheerliggame en alle ander belanghebbendes.

**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 08/09/02